
SAHARA-AVONTUUR REEKS
No. 22
Bloed oor die Bouvalle
Meiring Fouché

## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Dood in die Son | 3 |
| 2. | Ontsteltenis | 11 |
| 3. | Dreigende Kring | 19 |
| 4. | Besoeker in die Nag | 28 |
| 5. | Ontmaskering | 36 |
| 6. | Soos 'n Wolk | 46 |
| 7. | Horde van Haat | 54 |
| 8. | Een Ruiter | 64 |
| 9. | Dag van Verraad | 74 |
| 10. | Bloedige Gety | 85 |


Hoofstuk 1

# DOOD IN DIE SON

Kaptein D'Arlan van die Franse Vreemdelegioen, sit onder die seilbedekking by die boktafel die ingewikkelde sketsplanne en bestudeer. Dit is nog vroeg, die volle geweld van die Sahara-son laat hom nog nie voel nie en die kaptein voel nog ywerig en vol daadlus. Met groot konsentrasie staar hy na die bouplanne wat voor hom op die boktafel uitgesprei lê. Dit is planne vir 'n nuwe Fort Laval. Hy wat D'Arlan is, is spesiaal van Dini Salam af gestuur om te kom toesig hou oor die herbou van die fort.

Dit is 'n belangrike taak waarmee D'Arlan besig is want Fort Laval is die Suidelikste voorpos van die Franse Vreemdelegioen in die ganse Sahara. Hoewel dit klein, onaangenaam en dikwels uiters gevaarlik is, moet Fort Laval teen elke prys in stand gehou word omdat dit geleë is in die middel van die toegangsweë vanaf Dini Salam, die garnisoendorp van die Vreemdelegioen, na die Atlasgebergtes waar die groot konsentrasies van Arabiere te vind is.

Deur al die jare heen was die klein Fort Laval nog steeds die weerligafleier wat in 'n Arabierse aanval altyd die eerste spit moes afbyt voordat 'n aanval op Dini Salam gedoen is. Die rede daarvoor lê voor die hand, want met sy klein, goedbewapende garnisoen is Fort Laval altyd 'n doring in die vlees vir die Arabiere. Wanneer hulle besluit om 'n aanval te loods, besef hulle maar altyd terdeë dat hulle dit nie kan waag om Fort Laval verby te steek en sommer vir Dini Salam aan te val nie. Hulle weet dat hulle met vuur speel as hulle Laval agter hulle laat en Dini Salam aanval. Die opperbevel van die Vreemdelegioen ken die strategiese waarde van Laval maar te goed. Daarom dat hulle dit jaar in en jaar uit beman hou en daarom dat hulle sorg dat die garnisoen daar steeds tot die tande toe gewapen is. Die fort is gebou op 'n klein onderaardse oase.

Binne die Fort is 'n put tot in die oase gegrawe. In die Fort is daar 'n ondergrondse wapenkamer, ryklik voorsien van skietgoed.

Maar op hierdie oggend lê Fort Laval in puin. Deur al die jare het dit nog feitlik alle aanslae weerstaan. Garnisoene is al hier uitgewis, baie manne het al op die borswerings van Laval gesterf. Menige Arabierse aanval is al hier verpletter. Maar nog altyd het Fort Laval bly staan. Sy dik klipmure en sy hoë borswerings het nog steeds 'n uitdaging vir die Arabierse vyand gebly.

Vandag is dit egter anders. Vandag is Fort Laval nie meer 'n trotse vesting nie. Dit is 'n chaotiese puin van klip, sement en versplinterde hout. Vir iemand wat nie weet wat gebeur het nie, sal dit publiek voorkom asof 'n groot draaiwind uit die woestyn gekom het en hierdie klipvesting met geweld in duie geruk het. Die puin van hierdie eens trotse klein vesting is 'n onbeskryflike deurmekaarspul. Waar die binneplaas vroeër was, lê nou net hope klippe. Waar die borswerings was, lê ook net hope, hope klip en gebreekte balke en hout. Die trotse poort met sy swaar ysterhek is daar nie meer nie. Die ysterhek is net 'n stuk verwronge metaal en die twee swaar klipsuile weerskante van die poort is met die grond gelyk gemaak.

Dit was egter nie 'n orkaan wat Fort Laval so skouspelagtig met die grond gelyk gemaak het nie. Dit was verraad wat Fort Laval en sy klein garnisoen oorwin het. Dit was drie Algerynse rebelle wat hulle by die Arabiere aangesluit het, toe onder valse voorwendsels die fort binnegedring en die poort op verraderlike wyse vir die Arabiere oopgeslinger het. Sers. Catroux wat toe bevel gevoer het, en sy garnisoentjie van sowat dertig man was so op nerf na uitgemoor deur 'n oorweldigende mag Arabiere wat in die nag deur die oop poort gestorm het. Catroux en sy garnisoentjie het die ondergrondse wapenkamer binnegevlug. Een van die Algerynse rebelle het Fort Laval toe met die hulp van die Arabiere stuk-stuk en stelselmatig met dinamiet in die lug geskiet. Hulle het omtrent nie een klip op 'n ander laat staan nie. Die deur van die ondergrondse wapenkamer het hulle onder tonne klip begrawe. Hulle het hulle verbeel dat dit finaal klaar was met Catroux en sy klompie manne. Maar die rebel het hom misgis. Met die hulp veral van manne soos legionnaires Teuns Stegmann, die Suid-Afrikaner, Fritz Mundt, die Duitser, en andere het Catroux en sy manne tog uit die wapenkamer ontsnap.



Sahara-Avontuur

Die nuus dat Fort Laval uitgeroei is het die leiers van die Franse Vreemdelegioen tot in hul skoene geskok. Daar is besluit om die fort onmiddellik te herbou. Met dié doel is voorrade en werkers per vragvliegtuig aangebring. D'Arlan is aangestel om bevel te voer oor die herbou-verrigtinge van Fort Laval.

Dit is daarom dat die klein, blas kaptein, die verskrikking van die Arabiere van die Sahara, die Houdini van die woestyn, op hierdie oomblik onder die ruwe seilbedekking hier tussen die puin van Fort Laval sit om na die sketsplanne vir die nuwe fort te kyk.

Van bou was daar nog nie sprake nie. Vandat hy hier aangekom het, het D'Arlan nog net daarop gekonsentreer om die klip te verwyder, die put oop te kry, die hele terrein van die fort van puin skoon te maak sodat dit herbou kan word. En selfs daarmee is hy nog nie klaar nie. Dit sal hom seker nog 'n week of meer neem voordat die klip en puin verwyder is sodat hulle kan begin bou.

D'Arlan vernou sy skerp oë teen die helder glans van die stygende son. Die sonlig is skerp, blink en teisterend. Dit is asof selfs die gloed daarvan jou oorweldig. Hy kyk onvergenoegd en 'n bietjie onrustig na die werksaamheid daar in die puin. Sake vorder glad nie vinnig genoeg na sy sin nie. Hy weet dat min tyd hom gegun is. Die Arabierse volke is opstandig. Hulle beskou hierdie as die welaangename tyd om 'n slag te slaan vir hul vryheid. Die vernietiging van Fort Laval is 'n riem onder die hart van elke Arabier. Die nuus oor die vernietiging van die fort het soos 'n veldbrand versprei van die een hoek van die Sahara tot die ander. Van die Doelaks tot die Berbers. Van die georganiseerde Arabierse volke tot by die nomadiese skepsels wat oor die woestyn

swerf. In elke Arabierse hart het die uitwissing van hierdie fort nuwe hoop geskep, 'n nuwe ideaal om hul aartsvyand, die Franse Vreemdelegioen, uit te wis. Hulle is besiel met nuwe daadkrag, met nuwe moed, onverskrokkenheid en blinde dapperheid.

Die bevel van die Franse Vreemdelegioen het gou gespeel nadat hule die nuus ontvang het dat Fort Laval met die grond gelyk gemaak is. Maar miskien het hulle nog nie gou genoeg gespeel nie want kapt. D'Arlan, wat die Sahara en die Arabierse volke ken soos hy homself ken, weet van hul rusteloosheid. Hy kan dit aan sy bloed voel. Partykeer word hy snags wakker, nat van die sweet, en dan is dit asof hy bewus word van 'n nuwe, dwingende vrees, 'n onstuimigheid van hart, 'n besef dat daar 'n onsigbare beweging in die wye godverlate ruimtes van die Saharawoestyn aan die gang is. 'n Beweging van kragte, 'n sametrekking. 'n Opbouiing, 'n aaneenvloeiing soos van waterstrome wat apart vloei en dan saam loop en uiteindelik 'n vloed word. Dit is asof D'Arlan in sy geestesoog aanskou hoedat die ruiters uit die klowe van die Atlasberge stroom; hoedat ander ruiters uit die verste uithoeke van die Sahara waar omtrent nog geen witman sy voet neergesit het nie, opstroom na die plek waar hulle die kragte sal verenig. Hy kan aanvoel hoedat groot kameeltroppe hul ruiters dra uit die verreverre suide. Hy kan voel hoedat die vernietiging van Fort Laval 'n kragtige band van eenheid geword het tussen Arabiere wat so vyandiggesind is dat hulle selfs bereid sal wees om mekaar aan die kele te vlieg.

Dit is maar alles gevoelens, alles indrukke, alles vaal skimme. Maar hier waar hy nou sit, weet D'Arlan so goed as wat hy leef dat hulle alles waar is. Uit sy breë en diepe ondervinding van toestande in die Sahara weet hy dat 'n vloed besig is om op te bou, 'n vloed wat hulle kan verswelg as hulle nie gou speel nie. Elke dag wat verby gaan, sal daardie vloed sterker maak. Elke uur wat verby is, bring die oomblik van bloedige afrekening nader.

En D'Arlan weet dat hy en die klompie manne wat hier swoeg,





die eerste te staan sal kom teen die kolossale swart horde wat uit die Saharawoestyn gebore sal word. Hulle sal die eerste woedende aanslag die hoof moet bied. Hulle sal die eerste moet walgooi teen 'n swart oseaan wat oor die woestyn sal aanrol in die rigting van Dini Salam. Ja, selfs in die rigting van Algiers self.

D'Arlan konsentreer so op sy eie gedagtes dat hy nie eens die beweging daar voor hom opmerk nie. Dit is 'n man wat vinnig en struikelend oor die puin na hom toe aangestap kom. 'n Kleinerige mannetjie soos hyself, 'n blas mannetjie, net soos hyself. Die figuur beweeg met die onsekere snelheid van 'n opgewonde kind wat skielik 'n groot geheim ontdek het wat hy kom meedeel. Hy kom struikelend en val-val oor die tuin maar daar is soveel ywer en krag in sy beweging dat dit lyk asof dit die enigste is wat hom orent hou.

D'Arlan kyk eers op uit sy mymeringe toe sers. Catroux voor die boktafel tot stilstand kom en flink salueer. Die sweet blink op Catroux se gesig. Die spiere op sy kake beweeg senuweeagtig. In sy oë is daar 'n drang, 'n opgewondenheid. En sy hele houding lyk tot brekens toe gespanne.

,,Ja, mon ami?'' vra D'Arlan toe hy van die sersant hier voor hom bewus word.

In sy binneste voel D'Arlan 'n bietjie ergerlik dat Catroux hom nou kom pla. Wanneer hy met 'n verbeeldingsbeeld besig is, hou die energieke Franse kaptein nie daarvan dat hy met allerhande beuselagtighede onderbreek moet word nie. En hy is seker dat wat Catroux hom nou kom meedeel, nie van besondere gewig kan wees nie. Daarom is daar net so 'n tikkie onvriendelikheid in sy stem toe hy sy vraag aan Catroux stel.

,,Capitaine,'' sê Catroux, ,,daar is 'n fout.''

,,'n Fout?'' vra D'Arlan vinnig want wanneer iets buitengewoon opduik, is hierdie Franse kaptein so vinnig soos blits.

,,Daar is 'n fout onder die Arabiere, Capitaine. Twee is nou net dood en vier lyk asof hulle dit ook nie gaan haal nie.''

D'Arlan staan onmiddellik op sy voete. ,,Twee Arabiere dood? En vier siek? Waarvan?''

,,Dit is wat ek nie weet nie, Capitaine,'' sê Catroux. ,,En dit is juis dít wat my so onrustig maak.''

,,Maar my liewe Catroux. Arabiere gaan nie sommer goedsmoeds dood nie. Is hulle dan siek?''

,,Dit is juis dít wat alles so geheimsinnig maak, Capitaine,'' antwoord Catroux. ,,Vanoggend toe hulle ingeval het, was nie een siek nie. Daarvan is ek seker. Maar 'n halfuur gelede het die eerste een siek geword. Toe nog een. En nou is hulle oorlede.''

,,Maar dit is onmoontlik, Catroux,'' sê D'Arlan opstandig. Hy swaai agter die tafel uit en haas hom oor die puin heen in die rigting van die werkers wat aan die noordekant van die vesting besig is om klip en puin te verwyder. Catroux spring-spring hier langs D'Arlan om by te hou. ,,Dit is 'n groot fout, Catroux,'' sê D'Arlan. ,,Ek is juis so haastig dat ons aan die bou moet kom en as die skepsels nou siek raak, gaan dinge vir ons baie verkeerd loop.''

,,Ek is bevrees so, Capitaine. Ek is net so bang dit is dalk 'n epidemie.''

,,Wat is die tekens?'' vra D'Arlan.

,,Blykbaar het dit iets met die maag te doen, Capitaine. Dié wat siek is, het sommer skielik aan die kreun en steun gegaan, hul mae vasgegryp en nie te lank nie of hulle het neergeslaan. Dan bewe hulle soos riete en nie te lank nie of hulle is bewusteloos. Hulle skuim voor die mond.''

D'Arlan steek vinnig vas. Daar is 'n vreemde glans in sy oë toe hy na Catroux opkyk. ,,Hulle skuim om die mond?'' vra hy.

,,Dit is korrek, Capitaine. Hulle skuim om die mond.''

D'Arlan beweeg nou vinniger. Hy trek byna soos 'n dwarrelwind oor die puin en klippe heen in die rigting van die tydelike skuiling wat die manne uit klippe en ou stukke plank gemaak het. Catroux moet net lelik uithaal om by te bly.

Toe hy by die skuiling inswaai, steek D'Arlan eers by die twee Arabiere vas wat reeds dood is. Dit is net soos Catroux gesê het. Wit skuimbolle staan voor hulle monde. Hul oë is groot, glasig en selfs in die dood is daar 'n verskrikte uitdrukking in hulle. Só asof hierdie twee stomme skepsels, net voordat hulle die ewigheid in is, een of ander aaklige verskynsel aanskou het wat die skrik in hulle laat verstar het sodat selfs die dood dit nie uitgewis het nie. D'Arlan swaai vinnig weg na die paar ander wat daar lê. Hy kyk net eenmaal na hulle, toe weet hy dat hul oomblikke ook getel is. Elkeen van hulle lê en ruk daar met krampagtige stuiptrekkings en in elkeen se mond begin die skuim ook al vorm. Hulle kreun en kerm van 'n pyn wat blykbaar hul ingewande verskeur. 'n Pyn wat hul gefolterde liggame heen en weer laat ruk, die spiere laat tril, die hande krampagtig tot vuiste laat sluit.

D'Arlan en Catroux staan magteloos na die paar sterwende Arabiere en staar. Toe buig D'Arlan en voel aan een van die slagoffers se voorkop. Dit is klam en koel ondanks die hitte. Nie warm en koorsig nie. Maar koel, byna koud soos in die geval van 'n man wat omtrent al sy bloed verloor het.

D'Arlan se hart is swaar toe hy eindelik wegdraai en uit die skuiling padgee. ,,Is daar nog van die werkers wat so aangetas is?'' vra hy.

,,Nie so ver ek weet nie, Capitaine,'' sê Catroux. ,,Dit is net hierdie paar. Ek weet nie van meer gevalle nie.''

,,Hoe verklaar jy dit, Catroux?'' vra D'Arlan.

,,Ek het nie die vaagste benul wat dit kan wees nie, Capitaine.''

D'Arlan kyk weg na waar die manne werk en toe sê hy, met sy oë nou: ,,Dit lyk nie goed nie, Catroux. Dalk is dit iets wat hulle geëet het. Maar dan sou dit tog seker nie so dodelik wees nie.'' Hy sug en slaan met sy hande teen sy sye. ,,Waarom moet dit juis nóú gebeur? Noudat ons teen die tyd moet jaag en elke paar hande vir ons goud werd is. En waarom moet dit juis onder hierdie skepsels gebeur? Ek hou nie daarvan nie, Catroux. Ons het driehonderd Arabiere uit Algiers hierheen gebring om te kom help met die werk


Sahara-Avontuur

en as die duiwel van agterdog en bygeloof eers onder hulle posvat, sal ons met hulle niks op aarde uitvoer nie. Jy weet hoe hierdie mense is. Hulle het nie gekom om ons te help omdat hulle ons liefhet nie, Catroux. Hulle het maar net gekom terwille van die geld wat hulle kan verdien. En hoewel hulle hier so ywerig werk, sal hulle nogtans vir 'n vyfsent ons almal se kele afsny. Hierdie voorval is nou net goed om die duiwel los te maak.''

,,Ja, ek is bevrees hierdie is 'n gevaarlike situasie, mon capitaine,'' stem Catroux saam. ,,Maar wie weet, dalk is dit nou op 'n einde. Dalk het hierdie paar maar iets ingekry.''

,,Dit is te hope, Catroux,'' sê D'Arlan hoopvol. ,,As hierdie ding nie 'n einde kry nie, gaan dit vir ons die wêreld baie baie moeilik maak.''

Catroux glimlag bemoedigend vir D'Arlan. ,,Laat ons maar hoop dit sal nie so erg wees nie, Capitaine.''

Maar sy woorde is nog nie eens koud nie, toe 'n harde skreeu deur die sonlig steek. Catroux en D'Arlan is net betyds om te sien hoedat 'n lang Arabier wat besig was om 'n klip weg te dra, die klip net so los en sy arms in die lug gooi. Hy staan 'n oomblik daar en kantel, skreeu nog 'n slag deurpriemend en toe val hy stadig agteroor.

D'Arlan struikelval oor die klippe so haas hy hom na die gevalle skepsel. En toe hy daar by die Arabier vassteek, is die man se oë groot en wild. Hulle is wit en glinsterend. Sy bors jaag op en neer en sy ledemate ruk aaklig soos dié van 'n kind wat besig is om stuipe te kry.

Skoon verslae en magteloos gaan hurk D'Arlan en Catroux daar by die gevalle skepsel. Toe tel hulle hom saam op en dra hom na die tydelike skuiling.





## ONTSTELTENIS

D'Arlan en Catroux vertoef nie lank daar onder die tydelike skuiling waar hulle die nuwe slagoffer van die geheimsinnige siekte neergelê het nie. Hulle besef dat dit nie vir hulle nodig is om langer daar te vertoef nie want nog 'n man het intussen gesterf en die ander wat daar lê, is op sterwe na dood. Hulle besef goed genoeg dat dit maar net 'n kwessie van tyd is voordat al hierdie stomme skepsels wat siek geword het, daar nie meer veel sal wees nie.

Dit is toe hulle in die son uitstap, dat D'Arlan opmerk dat die ander Arabiere opgehou het met werk. Hulle staan vraend daar in die son en party van hulle praat opgewonde onder mekaar. Die Legioenmanne wat saam met hulle werk en wat ook toesig oor hulle hou, probeer hulle vergeefs weer aan die werk kry. Hulle is klaarblyklik te opgewonde om nou iets te doen.

D'Arlan en Catroux stap nader na die werkers toe. Dit vat D'Arlan nie lank om die agterdog en die opstandigheid in daardie donker oë te sien smeul nie. Die klomp Arabierse werkers staan nou roerloos net waar hulle die klippe uit hul hande laat val het. Meteens praat hulle nie meer nie. Hulle kyk net na D'Arlan. Maar hier waar hy staan, weet hy dat hoewel hulle nie meer 'n geluid maak nie, daar 'n verbond van haat tussen hulle bestaan. 'n Verbond van verset. Hy weet dat hulle binne 'n kort tydjie verander het van werkers tot Arabierse stryders. D'Arlan weet goed genoeg dat daar seker nie een onder hulle is wat nie haat en wat nie graag die bloed van 'n Legioenman sal wil stort nie. Hulle is die uitvaagsel, dit weet hy. Want dit is slegs die uitvaagsel van die Arabiere uit die agterstrate van Algiers en van die ander groot stede wat bereid sal wees om vir die Franse Vreemdelegioen te werk vir geld. In sy diepste siel besef D'Arlan dat geen fatsoenlike Arabier eens daaraan sal droom om vir die Vreemdelegioen 'n

steen te verroer nie al betaal jy hom ook 'n fortuin. Ja, hierdie is die uitvaagsel wat in een oomblik 'n woeste, bloeddorstige, wraaklustige gepeupel kan word.

Daarom weet die Franse kaptein dat hy hier vinnig en reg sal moet optree. Hy wend hom tot Catroux. ,,Roep hul voorman, mon sergeant,'' sê hy.

Catroux stap 'n entjie vorentoe en roep op Hassan wat beskou word as die leier van hierdie spul. Daar van die eenkant af kom 'n groterige, sterkgeboude Arabier met die gesig van 'n edelman maar die oë van 'n skurk, skielik vorentoe. Hy kom struikel oor die klippe heen na waar D'Arlan staan. Toe hy voor die kaptein kom vassteek, is sy lang gesig uitdrukkingloos en sy oë kalm.

,,Hassan,'' sê D'Arlan, ,,het jy enige idee wat hierdie mense kon oorgekom het dat hulle siek geword het? Dit is iets baie straf wat hulle getref het. Kan dit wees dat hulle miskien iets geëet het?''

Hoewel D'Arlan vriendelik en besorg praat, vlam die opstandigheid meteens in Hassan op. ,,Hoe moet ek weet?'' sê hy, en gooi sy hande in die lug. ,,Ons mense word sommer hier siek en gaan dood. Hoe sal ek weet wat hulle makeer?'' Hy kyk om hom heen, die agterdog gloei in sy oë. ,,Al wat ek weet,'' sê Hassan, ,,is dat dit net Arabiere is wat siek word en doodgaan. Ek het nog nie een Legioenman gesien siek word nie.'' Daar kom 'n eienaardige glimlag om sy slap mond. In sy oë glinster iets soos oorwinning. En dit ontstem vir D'Arlan.

,,Wat insinueer jy, Hassan?'' sê die kaptein vinnig op Arabiers. ,,Probeer jy te kenne gee dat dit 'n lid van die Vreemdelegioen is wat iets te doen het met die dood van jou mense?''

,,Waarom is dit dan net Arabiere wat siek word?'' vra Hassan uitdagend.

'n Oomblik weet D'Arlan nie wat om te antwoord nie. Dit is volkome waar. Hier het 'n hele paar Arabiere nou al heftig siek geword en 'n paar is reeds dood. En tog het nog nie 'n enkele Legioenman iets oorgekom nie.





,,Dit is so,'' sê D'Arlan vinnig, ,,maar daar kan 'n duisend redes wees waarom jou mense siek word. Daar kan iets met die kos verkeerd wees sonder dat ons daar iets mee te doen het. Hulle kon iets geëet het wat sleg is. Hoe moet ek weet? Of dink jy dat ons jou mense letsel sal aandoen terwyl ons van hulle afhanklik is vir die herbou van hierdie fort? Jy dink tog seker nie dat ons so kortsigtig is nie, Hassan. Ek wil hê jy moet daardie idee uit jou kop sit. Jy moet die idee uit jou kop sit dat die Legioen iets met die dood van jou mense te doen het. En hoe gouer hoe beter.''

D'Arlan praat dringend, en daardie gesag wat hom onderskei van die meeste ander mense weerklink in sy stem. Daar is 'n hardheid en 'n onverbiddelikheid in sy woorde wat Hassan ongemaklik laat voel.

,,As daar weer iemand siek word,'' sê D'Arlan vir Catroux, ,,moet julle my dadelik ontbied. Intussen sal ons moet kyk of ons nie kan vasstel wat gebeur het nie.'' Toe wend hy hom weer tot Hassan. ,,Ek is jammer, Hassan,'' sê D'Arlan. ,,Ek is opreg jammer oor wat met jou mense gebeur het. Ek vertrou net dat ons gou genoeg sal uitvind wat gebeur het. Dit is 'n ernstige saak en ons moet dit so gou as moontlik oplos.''

Toe stap die klein Franse man terug na sy seilbedekking, gevolg deur Catroux. Toe D'Arlan by sy boktafel gaan sit, lyk hy moeg en onrustig. ,,Dit is nou weer te sê, Catroux,'' merk hy op. ,,Wat 'n duiwelse ding om ons juis in hierdie stadium te tref. Ons moet oombliklik probeer vasstel wat gaande is. Ek sien hier die kiem van groot gevaar. Jy moenie vergeet nie, ons is maar sowat veertig man. Ons bevind ons tussen sowat driehonderd befoeterde Arabierse werkers wat met die geringste aanleiding ons kele sal afsny. Daarby sit ons met vyftig manne van die strafpeleton. En as hulle nie die uitvaagsel van die Franse Vreemdelegioen is nie, dan sou hulle nie in die strafpeleton gewees het nie. Ek weet nie waarom die opperbevel daarop aangedring het dat hierdie vyftig oortreders nou juis hier moet kom help nie. Ek vertrou die spul net